



# Ouers se kennis oor mondhigiëne



'n Opname  
Augustus  
**2022**

Inhoud

**LYS VAN GRAFIEKE.....2**

**1 WIE IS SOLIDARITEIT HELPENDE HAND?.....3**

**2 ONDERSOEKMETODE.....4**

**3 DIE IDEALE PRENTJIE .....5**

**4 BESKRYWING VAN DIE DATA .....5**

    4.1 HUWELIKSTATUS EN GESINSAMESTELLING.....6

    4.2 KENNIS EN BEWUSTHEID VAN MONDHIGIËNE .....7

**5 GEVOLGTREKKING ..... 19**

**6 UITKOMSTE VAN OPNAME .....21**

**7 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING .....21**



**Lys van grafieke**

Grafiek 1: Ouers se huwelikstatus ..... 6

Grafiek 2: Gesinsamestelling ..... 6

Grafiek 3: Kinders se onderskeie ouderdomme ..... 7

Grafiek 4: Ouderdom waarop kinders 'n tandarts die eerste keer moet besoek ..... 7

Grafiek 5: Die ideale aantal kere wat 'n kind moet tande borsel ..... 8

Grafiek 6: Die ideale duur van 'n tandeborselsessie ..... 9

Grafiek 7: Vervanging van tandeborsels ..... 10

Grafiek 8: Tot op watter ouderdom moet kinders gehelp word om tande te borsel . 11

Grafiek 9: Kennis van kosse wat skadelik is vir tande ..... 12

Grafiek 10: Kennis van kosse wat goed is vir tande ..... 13

Grafiek 11: 'n Bottel melk of tee met slaptyd ..... 14

Grafiek 12: Behandeling van tandbederf ..... 15

Grafiek 13: Gereelde tandartsbesoeke ..... 16

Grafiek 14: Die toestand van kinders se tande ..... 17

Grafiek 15: Uitwerking van Covid-19-grendeltyd op kinders se mondhigiëne ..... 18



## 1 Wie is Solidariteit Helpende Hand?

Solidariteit Helpende Hand (hierna Helpende Hand genoem) is 'n organisasie, sonder winsoogmerk. Ons fokus op die bevordering van maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling deur volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbrontontginning, wat gesonde, goed funksionerende gemeenskappe tot gevolg het.

As organisasie is Helpende Hand in wese besorg oor die welstand van die weerloses in die samelewing en is ons doel om kinders, gesinne, persone met gestremdhede en ouer persone te ondersteun. Met projekte soos HelpJag wat vleis aan kleuterskole voorsien, die Kosblikkieprojek en die Skooltassieprojek dien ons kinders in die gemeenskap. Terselfdertyd wil ons nog projekte ontwikkel om kinders en hul gesinne te ondersteun en optimaal te ontwikkel.

Die Kosblikkieprojek is een van die Helpende Hand se vlagskipprojekte wat daarop fokus om behoeftige instansies (kleuterskole, nasorg- en gemeenskapsentrums) met die regte voeding te ondersteun. Helpende Hand is bewus daarvan dat higiëne, en veral mondhigiëne, net soos die regte voeding tot kinders se algehele gesondheid bydra. Juis daarom het ons besluit om 'n opname van stapel te stuur oor ouers se kennis van mondhigiëne vir kinders.

Gesonde mondhigiëne is die fondament van algehele gesondheid. 'n Gesonde mond en tande spreek van goeie gesondheidsgewoontes. Om gesonde mondhigiëne te bevorder, moet ons 'n bewustheid daarvan onder kinders kweek. Daar is talle programme by skole wat poog om kinders in te lig oor gesonde mondhigiëne. Tog bly die belangrikste dat ouers inkoop in die belangrikheid daarvan. Gesonde mondhigiëne by kinders is grootliks afhanklik van die ouers se kennis en bewustheid van gesonde orale gewoontes. Ouers moet hulle kinders met hulle voorbeeld en houding teenoor mondhigiëne leer om gesonde orale gewoontes te vestig.



Die kinders van ouers wat positief is oor gereelde tandartsbesoeke en gesonde mondhigiëne se tande blyk baie gesonder te wees as dié van ouers wat nie so ernstig is oor die saak nie. Gesonde orale gewoontes wat gevestig word vandat 'n kind die eerste melktand kry, lê 'n gesonde fondasie vir kinders se permanente tande. Dit is nodig vir ouers om in diepte kennis te dra van die nodige praktyke om na jou kind se mondhigiëne om te sien.

Helpende Hand het 'n opname van stapel gestuur om ouers in verskillende ekonomiese klasse se kennis en bewustheid van hul kinders se mondhigiëne te ondersoek ten einde te bepaal of armoede 'n invloed op kinders se mondhigiëne het.

## 2 Ondersoekmetode

Die respondente het uit vier groepe bestaan: twee "Kosblikkie"-kleuterskole in Pretoria-Wes, een kleuterskool in Pretoria-Oos en een in Centurion. Altesaam 218 ouers van die kleuterskole in Pretoria-Oos en Centurion het aan die opname deelgeneem en 132 ouers van die "Kosblikkie"-kleuterskole. Elke groep het 'n aanlyn vraelys oor gesonde mondhigiëne by kinders van die betrokke skool ontvang en ingevul.

Die vraelys het bestaan uit 15 vrae. Die eerste drie vrae was daarop gemik om inligting oor die gesinsamestelling te bekom. Met die ander 12 vrae is gepoog om ouers se kennis en bewustheid van gesonde mondhigiëne te meet.

'n Gemengde ondersoekmetode is gevolg; die vraelys het beide veelkeusige vrae en meervoudigekeusevrae bevat. Die data is met behulp van beskrywende statistiese metodes geanaliseer en word hoofsaaklik deur persentasies in die vorm van grafieke uitgebeeld.



### 3 Die ideale prentjie

Helpende Hand het vier tandartse genader om vas te stel wat noodsaaklik is vir gesonde mondhigiëne. Volgens hulle is die volgende beginsels ideaal om gesonde mondhigiëne te bevorder:

1. 'n Baba of kleuter mag nie met 'n bottel melk of tee in die bed gesit word nie. Melk of tee met slaapyd lei tot tandbederf.
2. 'n Kind se eerste tandartsbesoek moet geskied met die verskyning van sy eerste melktand.
3. Kinders moet hulle tande twee keer per dag vir twee minute lank borsel.
4. Ouers moet hulle kinders tot op tienjarige ouderdom met 'n tandeborselroetine help. Dit beteken hulle moet onder andere soms self hulle kinders se tande borsel en vlos om seker te maak dit word deeglik gedoen.
5. Kinders moet besef alle vloeistowwe, soos tee, koffie, gaskoeldrank en sap, asook tjijs, brood, pasta, neute, sade en enige verwerkte vorm van suiker is skadelik vir hulle tande.
6. Kinders moet weet melk, jogurt, eiers, kaas, groente en veselryke vrugte is goed vir hulle tande.
7. Ouers moet kinders se melktande laat stop as dit gaatjies het en dit nie laat trek of sommer net ignoreer nie.
8. Tandeborsels moet elke drie maande vervang word.
9. Ouers en hul kinders moet die tandarts elke ses maande besoek indien moontlik.

Die vrae in dié opname is direk op hierdie ideale gebruike vir gesonde mondhigiëne geskoei.

### 4 Beskrywing van die data

Groep 1: 2 Skole se ouers in 'n goeie buurt (hoër ekonomiese klas)


Groep 2: 2 Skole se ouers in 'n minder goeie buurt (Kosblikkie-kleuterskole – laer ekonomiese klas)



## 4.1 Huwelikstatus en gesinsamestelling

### Ouers se huwelikstatus

Vraag 1 was: "Wat is u huwelikstatus?"




Grafiek 1: Ouers se huwelikstatus

- Die meerderheid ouers in beide groepe is steeds getroud.
- In Groep 2 het 12% aangedui dat hulle enkelouers is teenoor 10% in Groep 1.
- In Groep 2 het 14% aangedui dat hulle ongetroud is, maar met 'n lewensmaat saamwoon teenoor 5% in Groep 1.

### Gesinsamestelling

Vraag 2 het gelui: "Hoeveel kinders het u?"




Grafiek 2: Gesinsamestelling

Die meeste gesinne het twee kinders. Die tweede grootste groep is enkelkindgesinne.



Onderskeie ouderdomme van kinders

Vraag 3 het gelui: "Wat is hulle onderskeie ouderdomme?"




Grafiek 3: Kinders se onderskeie ouderdomme

Die meeste van Groep 1 se kinders is 7-12 jaar oud terwyl dié in Groep 2 meestal 4-9 jaar oud is. Verder is daar 'n verspreiding van ouderdomme.

**4.2 Kennis en bewustheid van mondhigiëne**

Bewustheid van eerste tandartsbesoek

Vraag 4 het oor die eerste tandartsbesoek gehandel: "Op watter ouderdom dink jy moet 'n kind die tandarts die eerste keer besoek?".



Grafiek 4: Ouderdom waarop kinders 'n tandarts die eerste keer moet besoek

Die meeste respondente in Groep 1 (55%) en Groep 2 (52%) het aangedui dat hulle dink die eerste tandartsbesoek moet op 2-4 jaar geskied.






In beide groepe het ongeveer 20% van die ouers (21% van Groep 1 en 26% van Groep 2) aangedui dat kinders die tandarts eers op 4-6 jaar die eerste keer moet besoek. Ongeveer 14% van elke groep is van mening dat kinders die tandarts eers van 6 jaar af hoef te besoek. Slegs 10% van Groep 1 en 8% van Groep 2 het die tandartse se ideaal gekies, naamlik dat hulle kinders die tandarts met die verskyning van hul eerste melktand moet besoek.

### Bewustheid van ideale tandeborselgewoontes

Vraag 5 aan die respondente was: "Hoeveel keer per dag moet kinders hulle tande borsel?".




Grafiek 5: Die ideale aantal kere wat 'n kind moet tande borsel

Byna al die respondente (94% in Groep 1 en 91% in Groep 2) het aangedui dat kinders hulle tande twee keer per dag moet borsel. Dit stem ooreen met die tandartse se ideale praktyk. Slegs 1% van die ouers in Groep 1 is van mening dat hulle kinders net een keer per dag hulle tande hoef te borsel teenoor 5% in Groep 2. In beide groepe het 5% van die ouers aangedui dat kinders drie maal per dag moet tande borsel.



Die ideale duur van 'n tandeborselsessie

Vraag 6 het gelui: "Hoe lank moet 'n kind sy tande borsel?"



Grafiek 6: Die ideale duur van 'n tandeborselsessie


Die meerderheid respondente in beide groepe (49% in Groep 1 en 46% in Groep 2) het aangedui dat hulle meen kinders behoort een minuut lank tande te borsel. 'n Aantal ouers in beide groepe (39% in Groep 2 en 31% in Groep 1) het wel die tandarts-ideaal gekies, naamlik dat kinders hulle tande twee minute lank moet borsel.

Die opname toon dat die meerderheid ouers (61% van Groep 1 en 69% van Groep 2) beperkte kennis het van hoe lank kinders hulle tande behoort te borsel. Volgens tandartse behels goeie tandesorg dat kinders hulle tande twee keer per dag (in die oggend en die aand) twee minute lank moet borsel. Daar is ook talle elektriese en batteryaangedrewe tandeborsels met ingeboude tydmeters op die mark vir kinders en volwassenes; dié tandeborsels stop vanself sodra die twee minute verstreke is.



Vervanging van tandeborsels

Vraag 7 aan die respondente was: "Wanneer moet 'n tandeborsel vervang word?"



Grafiek 7: Vervanging van tandeborsels


Die meerderheid respondente in beide Groep 1 (63%) en Groep 2 (54%) het aangedui dat hulle kinders se tandeborsels elke drie maande vervang moet word. In Groep 2 meen 44% dat kinders se tandeborsel elke ses maande vervang moet word en 30% van Groep 1 is dieselfde mening toegedaan terwyl 7% van Groep 1 en 2% van Groep 2 van mening is dat tandeborsels slegs een keer per jaar vervang hoef te word.

Die opname wys dat die meerderheid ouers in beide groepe daarvan bewus is dat tandeborsels elke drie maande vervang moet word, soos deur tandartse aanbeveel.



Tot op watter ouderdom moet kinders gehelp word om tande te borsel

Vraag 8 het gelui: "Tot op watter ouderdom moet ouers hulle kinders se tande borsel?"



Grafiek 8: Tot op watter ouderdom moet kinders gehelp word om tande te borsel


Die meerderheid van die ouers in Groep 1 (38%) en Groep 2 (34%) is van mening dat hulle hulle kinders tot op vierjarige ouderdom moet help om hulle tande te borsel. Van Groep 2 se ouers staan 33% hulle kinders net tot op tweejarige ouderdom by teenoor 20% van die ouers in Groep 1. Van Groep 1 se ouers help 36% hulle kinders tot op agtjarige ouderdom teenoor slegs 27% van Groep 2 se ouers wat dit doen. Slegs 6% van die ouers in beide groepe help hulle kinders tot op tienjarige ouderdom soos wat tandartse aanbeveel.

Dit is duidelik dat bewusmaking van die ideaal op dié gebied noodsaaklik is om gesonde tandeborselgebruike te bevorder.



## Kennis van kosse wat skadelik is vir tande

Vrae 9 en 10 was daarop gemik om vas te stel of ouers weet watter soort kosse goed en sleg is vir hulle kinders se tande. Vraag 9 was: "Watter kossoorte is skadelik vir tande?"



Grafiek 9: Kennis van voedsel wat skadelik is vir tande


Van die respondente in Groep 1 het 97% aangedui dat gaskoeldrank sleg is vir tande, 94% dat suiker sleg is vir tande, 97% dat toffies en lekkers sleg is vir tande, 78% dat sap sleg is vir tande en 74% dat koffie sleg is vir tande. Van die respondente in Groep 2 het 99% aangedui dat toffies en lekkers sleg is vir tande, 91% dat suiker sleg is vir tande, 93% dat gaskoeldrank sleg is vir tande en 83% dat koffie sleg is vir tande. Byna die helfte van elke groep (48% van Groep 1 en 43% van Groep 2) het aangedui dat tijps, pasta en brood skadelik is vir tande. Minder as 10% van elke groep het aangedui dat melk, vrugte, groente, kaas, jogurt en eiers skadelik is vir tande.

Die twee groepe respondente het die meeste verskil oor die vraag of sap en tee skadelik is vir tande. Ongeveer 80% van Groep 1 meen dit is wel skadelik teenoor slegs 48% van Groep 2. Volgens die tandartse is vloeistowwe soos koffie, tee, gaskoeldrank en sap asook tijps, brood, pasta, neute, sade en enige verwerkte vorm van suiker skadelik vir kinders en volwassenes se tande.



Kennis van kosse wat goed is vir tande

Vraag 10 het gelui: "Watter kosse is goed vir kinders se tande?"



Grafiek 10: Kennis van voedsel wat goed is vir tande


Van die respondente in Groep 1 het 82% aangedui dat melk goed is vir tande en 80% van Groep 2 is dieselfde mening toegedaan. Kaas en jogurt is na 88% van Groep 1 en 91% van Groep 2 se mening goed vir tande. Groente is volgens 86% van Groep 1 en 80% van Groep 2 goed vir tande. Byna die helfte van elke groep (52% van Groep 1 en 46% van Groep 2) het aangedui dat neute en sade goed is vir tande. Van Groep 2 meen 65% dat eiers voordelig is vir tande en 62% van Groep 1 stem daarmee saam.

Volgens die tandartse is melk, jogurt, eiers, kaas, groente en veselryke vrugte goed vir tande. Die opname wys dus dat respondente in Groep 1 'n beter begrip het van watter kossoorte oor die algemeen goed is vir tande.



'n Bottel melk of tee met slaptyd

Vraag 11 het gevra of die respondente van mening is dat kinders met 'n bottel melk of tee kan gaan slaap.



Grafiek 11: 'n Bottel melk of tee met slaptyd

Die meeste (63%) van die respondente in Groep 1 en Groep 2 (55%) het aangedui dat hulle dink dit mag nie gedoen word nie. Ongeveer 33% van die respondente in Groep 2 en 27% van dié in Groep 1 het aangedui dat hulle meen kinders mag wel met 'n bottel tee of melk gaan slaap. Van die ouers in Groep 1 het 10% aangedui dat hulle onseker is hieroor en 12% van Groep 2 was ook onseker of kinders wel met 'n bottel melk of tee mag gaan slaap.


Volgens die tandartse mag 'n baba of kleuter nie met 'n bottel melk of tee in die bed gesit word nie omdat dit tot tandbederf lei.

Die afleiding kan dus gemaak word dat meer respondente in Groep 1 as in Groep 2 die nodige kennis rakende hierdie aangeleentheid het.



Behandeling van tandbederf

Vraag 12 was: "Wat moet jy doen as jou kind se melktand 'n gaatjie het?"



Grafiek 12: Behandeling van tandbederf

Die meerderheid respondente in Groep 1 (73%) en Groep 2 (60%) het aangedui dat die gaatjie gestop moet word. Byna 'n derde (31%) van die respondente in Groep 2 meen die tand moet getrek word; dit is in sterk teenstelling met die 17% van Groep 1 wat dieselfde mening huldig. Ongeveer 10% van elke groep is van mening dat kinders se melktande wat bederf is net uitgelos moet word.

Tandartse het aangedui dat tandbederf by melktande nie geïgnoreer moet word nie omdat dit die gesondheid van permanente tande beïnvloed. Ouers moet die gaatjies in melktande deur 'n tandarts laat stop om latere skade te voorkom.


Die afleiding kan gemaak word dat meer respondente in Groep 1 as in Groep 2 bewus is daarvan dat tandbederf deur 'n tandarts behandel moet word.





Gereelde tandartsbesoeke

Vraag 13 aan respondente was: "Hoe gereeld neem jy jou kind(ers) om die tandarts te besoek?"



Grafiek 13: Gereelde tandartsbesoeke


Die meerderheid respondente in Groep 1 (63%) en Groep 2 (46%) het aangedui dat kinders die tandarts jaarliks moet besoek. Veel meer van Groep 2 (20%) as van Groep 1 (8%) se respondente het aangedui dat hulle kinders nog nooit by 'n tandarts was nie. Hierdie inligting is in skerp teenstelling met tandartse se ideale praktyk dat kinders die tandarts elke ses maande moet besoek.

Die afleiding kan dus gemaak word dat beide groepe bewus gemaak moet word van die belang van gereelde tandartsbesoeke en die voordele wat dit vir kinders en volwassenes se mondhygiëne inhou.



Die toestand van kinders se tande

Vraag 14 het gelui: "Hoe sou jy die toestand van jou kind(ers) se tande beskryf?"



Grafiek 14: Die toestand van kinders se tande


Die meerderheid respondente in beide groepe het aangedui dat hul kinders se tande gesond is. In Groep 1 het 21% aangedui dat hulle kinders se tandjies gaatjies in het terwyl dit ook 30% van Groep 2 se antwoord was. Ongeveer 6% van beide groepe het aangedui dat die toestand van hulle kinders se tande problematies is. Van Groep 2 se ouers het 11% aangedui dat hul kinders se tande verkleur; dit was ook die antwoord van 5% van Groep 1 se respondente.

Meer ouers in Groep 2 het aangedui dat hul kinders se tande nie gesond is nie.



## Die invloed van die Covid-19-grendeltydperk

Die laaste vraag, Vraag 15, was: "Watter uitwerking het Covid-19 volgens jou op jou kinders se mondhygiëne gehad?"



Grafiek 15: Uitwerking van Covid-19-grendeltyd op kinders se mondhygiëne

Die meerderheid respondente in beide groepe (76% van Groep 1 en 64% van Groep 2) het aangedui dat hul nie ervaar het dat Covid-19 se grendeltydperk hul kinders se mondhygiëne op enige manier beïnvloed het nie. Van Groep 2 het 21% egter aangedui dat hul nie in die grendeltyd 'n tandarts kon bekostig nie en 15% van Groep 1 het dieselfde probleem ervaar. Van die ouers in Groep 2 het 10% aangedui dat daar geen tandarts beskikbaar was toe hulle een nodig gehad het nie (die tandartse was toe) en 5% van Groep 1 het dieselfde aangedui. Ongeveer 6% van elke groep het aangedui dat hulle hul mediese fonds moes kanselleer of afskaal as gevolg van Covid-19.



## 5 Gevolgtrekking

Ouers se motivering en bystand met kinders se mondhigiëne beïnvloed 'n kind se orale gesondheid vir die res van sy lewe. Die volgende kolpunte word saamgevat:

- Die meeste ouers in albei groepe (90% van Groep 1 en 92% van Groep 2) se kennis aangaande die eerste tandartsbesoek moet opgeskerp word. Hulle dink hulle kan hulle kinders eers op 2-6 jaar die eerste keer tandarts toe neem terwyl hulle dit na regte reeds met die verskyning van die eerste tand of teen die eerste verjaarsdag moet doen.
- Beide groepe is meestal daarvan bewus dat goeie tandesorg behels dat kinders twee maal per dag hulle tande moet borsel. Dit is egter belangrik om vir ouers aan te dui dat 'n kind wat net eenmaal per dag tande borsel dit verkieslik in die aand moet doen eerder as in die oggend.
- Die meerderheid ouers (61% van Groep 1 en 69% van Groep 2) het nie geweet hoe lank kinders hulle tande moet borsel nie. Volgens tandartse behels goeie tandesorg dat kinders hulle tande soggens twee minute lank moet borsel en saans weer twee minute.
- Die meeste ouers in beide groepe (63% van Groep 1 en 54% van Groep 2) is bewus daarvan dat tandeborsels elke drie maande vervang moet word, soos deur tandartse aanbeveel.
- Volgens tandartse moet ouers hulle kinders tot op tienjarige ouderdom help om hulle tande te borsel en gesonde orale gewoontes aan te kweek. Daar is 'n duidelike gebrek aan kennis hiervan, want slegs ongeveer 6% van elke groepe het die korrekte antwoord aangedui.
- Die vraag waarom die twee groepe respondente die meeste verskil het (ongeveer 80% van Groep 1 teenoor 48% van Groep 2), is of sap en tee skadelik is vir tande. Volgens die tandartse is vloeistowwe soos tee, koffie, gaskoeldrank en sap asook tjijs, brood, pasta, neute, sade en alle verwerkte vorms van suiker skadelik vir kinders en volwassenes se tande.
- Volgens die tandartse mag 'n baba of kleuter nie met 'n bottel melk of tee in die bed gesit word nie omdat dit tot tandbederf kan lei. Heelwat meer ouers in die hoër ekonomiese klas (63%) dra kennis hiervan as ouers in die laer ekonomiese klas (55%).



- Slegs 60% van die ouers in die laer ekonomiese klas het aangedui dat 'n mens 'n melktand met 'n gaatjie moet laat stop. Dit is heelwat minder as die 73% respondente in die hoër ekonomiese klas wat weet dat tandbederf deur 'n tandarts behandel moet word. Tandartse het aangedui dat tandbederf by melktande nie geïgnoreer moet word nie omdat dit die gesondheid van permanente tande beïnvloed. Ouers in beide groepe moet hiervan bewus gemaak word.
- Daar is 'n duidelik verband tussen die ekonomiese posisie van ouers en hulle bereidwilligheid om hulle kinders tandarts toe te neem. Die meerderheid respondente in Groep 1 (63%) en Groep 2 (46%) het egter aangedui dat kinders die tandarts jaarliks moet besoek.
- Volgens die opname het meer kleuters in die laer ekonomiese klas (11% van die respondente se kinders) bruin vlekke op hulle tande as dié in die hoër ekonomiese klas (slegs 5% van die respondente se kinders).
- Die Covid-19-grendeltyd het respondente in Pretoria-Wes erger beïnvloed as dié in Pretoria-Oos en Centurion. Van die ouers in die laer ekonomiese klas het 21% aangedui dat hulle nie in die grendeltyd 'n tandarts kon bekostig nie terwyl slegs 15% van die ouers in die hoër ekonomiese dit nie kon bekostig nie. Volgens 10% van die ouers in Groep 2 en 5% in Groep 1 was die tandartse toe (en dus nie beskikbaar nie) toe hulle hul nodig gehad het. 'n Klein persentasie ouers (ongeveer 6% in elke groep) het aangedui dat hulle hul mediese fonds moes kanselleer of afskaal as gevolg van Covid-19.

Hierdie opname wys dat alle ouers in beide ekonomiese klasse van sekere mondhygiëne-praktyke bewus gemaak moet word.

Helpende Hand beywer hom om mense van alle ekonomiese klasse se kennis oor mondhygiëne op te skerp. Deur ouers, veral in arm woongebiede, bewus te maak van goeie mondhygiëne kan siektetoestande, gesondheidsrisiko's en skade aan die algehele gesondheid van kinders voorkom word.



## 6 Uitkomst van opname

- Helpende Hand gaan 'n paneelbespreking oor goeie tandesorg en mondhigiëne opneem. Die paneel sal dr. Linique van Deventer, 'n gesinstandarts, en dr. Nadine Moelish, die koördineerder van pediatriese tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria, insluit. Die doel is om 'n veldtog te loods om ouers bewus te maak van goeie mondhigiëne. Die paneel sal ouers advies gee oor voeding, tande borsel en gewoontes wat tandprobleme en tandbederf kan voorkom. Hulle sal ook vir die laer ekonomiese klas goedkoper alternatiewe voorstel om na hulle tande om te sien.
- Helpende Hand gaan ons sosialemediaplatform gebruik om vir ouers in alle ekonomiese klasse wenke te gee om beter om te sien na hulle eie en hul kinders se mondhigiëne.
- Piet Tande, die gelukbringer vir die mondhigiëneveldtog, gaan reg oor die land toer en ouers en kinders bewus maak van gesonde voeding, hoe om reg tande te borsel en gesonde gewoontes wat tandprobleme en tandbederf kan voorkom. Onder die vaandel van die Kosblikkieprojek kweek hierdie veldtog dus tegelyk gesonde eetgewoontes en goeie mondhigiëne onder kleuters.

## 7 Aanbevelings vir toekomstige navorsing

Ons kan die effek van tandbederf op volwassenes se selfvertroue en werkseleenthede ondersoek.

